

Van Rahul Jaguasi: Rahul en Lorette – Gebedsbrief Nr 1/2018

For the Least of These...

Matthew 25:31-46

Liewe Vriende,

Ons vertrou dat dit goed met julle gaan. Ons kyk met baie dankbare harte terug oor die eerste 3 maande van die jaar en deel graag met julle oor hoe dit met ons en die bediening gaan.

Eerstens alle eer aan die Here vir die wonderlike huis wat Hy vir ons voorsien het. Ons bly heerlik! Ons het verbasend vinnig in die woonstel aangepas, ten spyte van die feit dat ons vir 12 jaar in 'n huis gewoon het. Ons het 'n lieflike, groot balkon en dit help beslis! Nog 'n groot seen is die vriende wat Priyanka en Nadia so vinnig gemaak het. 'n Paar dae nadat ons ingetrek het, het 2 meisies aan die deur kom klop en gevra of hulle wil kom speel. Spoedig was dit 'n oor-en-weer gekuier en nou speel hulle elke dag saam met 'n groep kinders wat hier in die woonstelblok of huise in die buurt woon. Die strate in ons buurt is skoon en stil en almal ry fiets, of speel krieket en ander speletjies. Ons het soveel om voor dankbaar te wees, baie, baie dankie dat julle saam met ons gebid het!

Die Here seen ons werk hier. Hy bring mense oor ons pad wat opgewonde is oor die werk en op verskillende maniere betrokke wil raak, sodat die bediening by die Sorgsentrum kan voortgaan en groei. Hy stuur stukkende en uiters behoeftige kinders elke dag na ons toe en gee ons die fantastiese voorreg om 'n verskil in hulle lewens te maak. Hy laat ons toe om die Goeie Nuus van sy Verlossing met hulle te deel. Hy gee ons die krag en genade om getrou te doen dit waartoe Hy ons geroep het, ten spyte van teleurstellings, hartseer en somtyds selfs moedeloosheid.

Die Here voorsien elke dag die kliente wat nodig is om die Wassery te laat floreer. Ook daar kan ons sy getuies wees, deur hoe ons besigheid doen, en hoe ons ons kliente en personeel behandel. Ons sien sy hand in alles, en ten spyte van die baie harde werk en vele uitdagings, weet ons dat The Turning Point die Here se besigheid is en dat Hy dit wil seen en gebruik.

Na agt jaar by ons het Martha besluit om haar vlerke te spreid en woon sy nou in Mumbai. Sy het nog nie 'n werk nie, bid asb dat sy 'n goeie werk sal kry, dat sy gelukkig en geseënd sal wees en bowenal dat sy elke dag nader aan God sal groei.

Ons is so dankbaar vir elkeen van julle! Skryf asb vir ons, laat weet vir ons hoe dit met julle gaan en hoe ons vir julle kan bid. Ons loof die Here vir julle!

Al ons liefde en seën,

Rahul, Lorette, Priyanka en Nadia